

20 Junie

**Skrifgedeelte: Matteus 9:1-8**

**Fokusgedeelte: Matteus 9:6-8**

### Wie is Jesus vir jou?

Wie is Jesus vir jou? Is Hy werklik jou Here en jou Verlosser? Só kyk 'n verlamde man en sy vriende wat hom aandra, na Hom. Jesus sien immers hulle geloof in Hom raak (vs. 2). En dan troos Hy: "*Vriend, wees gerus, jou sondes word vergewe.*" Hierdie verlamde man kan uit Jesus se woorde moed skep. Hy het deernis vir sondaars.

Dit was trouens hierdie man se diepste nood, sy sondenood. Jesus sien agter sy verlamdheid die eintlike ding wat sy lewe verwoes het en sê dan: "*... jou sondes word vergewe.*" Dikwels is daar nie n direkte verband tussen ons siekte en sonde nie, soos by Job. Tog lyk dit of daar 'n verband by hierdie verlamde man was. Jesus gebruik die woord "hamartia" vir sonde en wys daarop dat hierdie man met sy lewe God se doel vir hom gemis het. Sy sonde het hom van die Here en sy ewige lewe af weggelei.

Wie was Jesus vir hierdie verlamde man en sy vriende? Hy is werklik hulle Verlosser en Here gewees. By Hom vind hierdie verlamde man redding soos hy dit nog nooit in sy lewe voorgestel het nie.

Wie was Jesus vir die skrifgeleerdes? Hulle bevraagteken sy Goddelike gesag om sondes te vergewe. Dit sal altyd so wees: As jy nie kinderlik glo dat Jesus jou Redder en Here is nie, sal sy vergewings- en genesingswerk geen effek op jou lewe hê nie. Jesus bewys aan hulle dat Hy inderdaad die Messias is en sondes kan vergewe deur die verlamde man ook van sy siekte te genees.

Wie was Jesus vir die menigte mense rondom Hom? Vir hulle is Jesus maar net 'n begenadigde mens aan wie God soveel mag gegee het. Daarom gaan sy genesing en verlossing ook by hulle verby.

Ek en jy moet ook hierdie vraag beantwoord: Wie is Jesus vir jou? Is Hy jou Koning en Verlosser? So alleen is daar vir jou wonderlike genesing en verlossing moontlik!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. TJ Potgieter (Port Elizabeth)